# God se Kerk.....



Deo Gloria Community Church
Rockingham

# Week 2 - Die Woord - Wat is jou fondament

📖 GEHEUEVERS: *2 Timoteus 3:16-17. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Timoteus was een van die eerste gelowiges wat uit die tweede geslag Christene gekom het. Hy het nie tot bekering gekom deur die prediking van die apostels nie, maar hy het as Christen grootgeword. Sy ma en sy ouma het hom onderrig.

Paulus herinner Timoteus om te onthou wat hy uit die Heilige Skrif geleer het. Die beste verdediging teen dwaling is om vertroud te wees met God se Woord.

Kernwaarheid

*Die hele Skrif is deur God gegee en is nuttig tot lering.*

## DAG 1 – 'n Gees van krag

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*2 Timoteus 1:3-8 en 2 Timoteus 3:14-15*

1. Wat sou Timoteus van kleins af geleer het?

_____
_____
_____

2. Op watter maniere maak ‘n lafhartige gees homself sigbaar? Hoe kan ons "krag, liefde en selfbeheersing" vertoon?

_____
_____
_____

**Gebed**

## DAG 2 – Wees sterk

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*2 Timoteus 2:1-2 en 2:20-26*

1. Wat is party dinge wat jou kan ontmoedig om sterk te wees en vas te staan op God se Woord?

_____

_____

_____

2. 2 Timoteus 2:20-21 verwys na 'n “voorwerpe van besondere gebruik.” Hoe kan jy deur die bestudering van God se Woord “'n voorwerp van besondere gebruik wees?

_____

_____

_____

**Gebed**

## DAG 3 – Heilige Gees Geïnspireer

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*2 Timoteus 3:14-16 en 2 Petrus 1:20-21*

1. Wat beteken dit vir jou dat die hele Skrif Heilige Gees geïnspireer is? Sluit dit die Nuwe Testament in?

_____
_____
_____

2. Omdat die hele Skrif deur God geïnspireer is, vra jouself af waarvoor is die Bybel hier?

_____
_____
_____

**Gebed**

## DAG 4 – Die doel van God se Woord

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

📖 *2 Timoteus 3:16-17 en Psalm 19:7-9*

1. Stel jou voor jy verduidelik verse 16 en 17 aan 'n ongelowige, wat sou jy sê? Watter belangrike Bybelse leringe kan ons uit hierdie verse kry? Watter implikasie het dit vir jou?

_____

_____

_____

2. Wat is die doel van die Skrif volgens 2 Timoteus 3:16-17?

_____

_____

_____

**Gebed**

## DAG 5 – Verkondig die Woord

### PERSOONLIKE STUDIE

*Lees die volgende Skrifgedeeltes, let op die omstandighede en pas die waarhede op jou lewe toe:*

*2 Timoteus 4:1-5*

1. Watter redes gee Paulus in vers 1 waarom ons die Woord moet verkondig?

_____

_____

_____

2. In 'n wêreld waar die meeste mense verdraagsaamheid verkondig, wat is die basis vir ons om ander tereg te wys of te bestraf? Wanneer moet jy dit doen? En met watter gesindheid?

_____

_____

_____

**Gebed**

# KLEINGROEPBESPREKING

## Gebed

**Toewyding:** (Skandeer QR-kode op volgende bladsy of gaan na ons webwerf by www.deogloriarockingham.com om hierdie week se pitkos te kyk)

## Besprekingsvrae

Lees 2 Timoteus 1:3-5. Wie was Timoteus?

_____

_____

Lees 2 Timoteus 3:14-15. Hoe relevant is die Bybel vir jou? Waarom moet jy die moeite doen om dit te lees, wat nog te sê, om die Bybel te bestudeer? Dit is immers 'n baie ou boek. Bespreek.

_____

_____

_____

Lees 2 Timoteus 3:16-17. Bespreek die redes waarom ons volgens Paulus die Bybel moet lees en bestudeer.

_____

_____

_____

Hoe kan ons 2 Timoteus 3:16-17 toepas?

_____

_____

_____

## REFLEKSIE

Wanneer jy volgende keer die Woord van God lees en bestudeer, mediteer vir 'n oomblik en dink daaraan dat die ewige, alwetende en liefdevolle God met jou hart en verstand en siel en gees praat. Wees vervul met verwondering oor die Here se vergewensgesinde barmhartigheid en genade.

**Sluit in gebed**